✉ 13528
HATFIELD, 0028, SA

☎ +27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

diensgetuienis@ngkerk.org.za

KMDR
Kerklike Maatskaplike Diensteraad
Council for Church Social Services
Geregistreer as organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-694

5 Maart 2015

AAN ALLE GEMEENTES

Kollegas

VROEË KINDONTWIKKELING (ECD) BEWEGING VIR DIE NG KERK

Die vorige Alg Sinode het ‘n taakspan (KMDR UK en enkele ander lede) die opdrag gegee om ondersoek te doen oor hoe gemeentes gehelp kan word om prakties by armoede*voorkoming* betrokke te raak.

Na ‘n deeglike ondersoek met insette van verskeie kante, het die Taakspan tot die oortuiging gekom dat die mees koste-effektiewe manier om armoede*voorkoming* te doen, is om by Vroeë Kindontwikkeling (ECD programme) betrokke te raak. Die beste manier om armoede te beveg is hoër onderwys en opleidingsvlakke, wat aan mense uiteindelik die geleentheid tot beter werksgeleenthede en entrepeneurskappe bied. Om dit reg te kry moet kinders aanvanklik op ‘n hoër skoolgereedheidsvlak die onderwyssisteem betree. En dit is presies hier waar gemeentes, met kundigheid binne die gemeente en sonder grootskaalse uitgawes, ‘n groot bydrae tot armoedebestryding kan maak. Hierdie programme sal ook die kerk se grootste bydrae tot die Nasionale Ontwikkelingsplan vir die heropbou van die land kan wees.

As 2000 gemeentes in die NGK Familie bv elkeen jaarliks 10 kinders skool toe kan stuur wat skoolgereed is, beteken dit dat daar jaarliks 20 000 meer kinders in die skoolsisteem sal intree wat op ‘n goeie skoolgereedheidsvlak sal wees. En baie van hulle sal uiteindelik matriek haal!

Om hierdie nuwe beweging in die Familie van NG Kerke te loods, het die Taakspan besluit om groot werkswinkels in verskeie provinsies te hou. **Die afskopgeleentheid is 22 April 2015 in Kempton Park met Tutela van die Hoëveld Sinode as gasheer.** (Besonderhede volg en ander werkswinkels se datums sal later deurgegee word.) Gemeentes en die lidorganisasies van die KMDR word uitgenooi om te kom deelneem. Ons wil inligting uitruil en by mekaar leer.

Wat die KMDR UK baie opgewonde maak is die moontlikheid wat die beweging bied om die maatskaplike werkdienste (gesinsorgdienste) weer in nouer kontak met gemeentes te laat werk. Ons gaan gemeentes aanmoedig om ongetwyfeld aan te klop by die maatskaplike werkers en hulpwerkers van die kerklike gesinsorgdienste om hul kundige hulp te vra.

Ons wil so wyd as moontlik gemeentes en plaaslike takke uitnooi, so merk asseblief 22 April in jul dagboeke.

Dankie dat julle saam met ons opgewonde is oor hierdie nuwe beweging in ons stryd teen armoede.

Groetnis

UITVOERENDE BEAMPTE
Sel 0828806672
botha@tutela.org.za